

Die “Woord” van God!
Leef elke dag saam met Jesus!

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



Hemelvaart Hand 1:1-11

- Act 1:1 Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het
- Act 1:2 tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het;
- Act 1:3 aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het.
- Act 1:4 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.
- Act 1:5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.
- Act 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?
- Act 1:7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;
- Act 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.
- Act 1:9 En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.
- Act 1:10 En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle,
- Act 1:11 wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.
- Die lewe van die Here Jesus kan in vyf dele opgedeel word
- # Goeie nuus vir die wat glo!
- 1) Die geboorte,
- 2) Die kruisiging
- 3) Die opstanding,
- 4) Die hemelvaart,
- 5) Die wederkoms van die Here Jesus.

Hemelvaart



- 1) Die Here Jesus het opgevaar om die verlossingsplan te kan voltooi :
- Joh.20:16-17 “'n Klein tydjie en julle sal My nie sien nie, en weer 'n klein tydjie en julle sal My sien, omdat Ek na die Vader gaan. Sommige van Sy dissipels het toe onder mekaar gevra: Wat is dit wat Hy vir ons sê: 'n Klein tydjie en julle sien My nie, en weer 'n klein tydjie en julle sal My sien: en Ek gaan na die Vader.”
- 2) Die hemelvaart van die Here Jesus het dit moontlik vir Sy navolgers gemaak om die beloofde, groter werk te doen.
- Joh.14:12 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.
- 3) Sy hemelvaart het dit moontlik gemaak om die intrede werk voor die Vader se troon vir ons te doen.
-
- 4) Jesus se Hemelvaart het Sy bediening wêreldwyd moontlik ge-maak en nie om net in Palistina vervul te word nie
- Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
- Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
- 5) Die Hemelvaart het 'n sterk bewys geword vir die verduideliking van die opstandings liggaam.

Die doel van die hemelvaart

- A) Die Here Jesus het opgevaar om die Vader te vereer:
 - Joh.17:1 “Vader die uur het gekom; verheerlik U Seun sodat U Seun U ook kan verheerlik”
- B) Die Here Jesus het opgevaar sodat Hy die Prins en die Verlosser kan wees
 - Hand.5:31 “Hom het God as Leidsman en Verlosser deur Sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk.”
 -
- C) Die Here Jesus het opgevaar as ‘n voorloper om vir ons die weg te gaan berei.
 - Hebr 6:20 “want Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Malgisedek ‘n hoëpriester geword het vir ewig.”
- D) Jesus het opgevaar om ons Hemelse plek voor te berei
 - Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

Die gevolg van die hemelvaart.

- Hy het gawes aan die mens kom toebedeel.
- Eph 4:8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.
- Eph 4:9 Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?
- Eph 4:10 Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.
- Eph 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,
- Eph 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,
- Eph 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;
- Omdat Hy opgevaar het kon die Heilige Gees neerdaal.
- Joh 16:7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;
- Act 2:33 Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.

Die gevolg van die hemelvaart.

- Hy bewys dat sondes mee gehandel kon word
- Heb 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdrukkel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,
- Noudat Hy gaan sit het, kan ons nou met vrymoedigheid na die troon van genade gaan in gebed.
- Hebr.4:14-16. “Terwyl ons dan ‘n groot hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie ‘n Hoë Priester wat nie met ons swakhede medelye kan nie hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons gehelp te word.”
- Omdat Hy nou opgevaar het kan Hy ons nou volkome red
- Hebr.7:25 “Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.”
- Hy kan die sondaar van die poel van sonde ophel tot die hoogste hoogtes om hom ‘n trofee van Sy genade te maak.
- Sy troon in die hemele gee aan u en my die geleentheid om tot die troon te gaan.
- Hebr.10:22 “laat ons toetree met ‘n waaragtige hart in volle geloofsversekerheid die harte deur die besprekeling gereinig van ‘n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.”

Die gevolg van die hemelvaart.

- Hy het opgevaar dat Hy alles kon vervul
- Efe.4:10 “Hy wat neerge-daal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het, bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.”
- Noudat Hy opgevaar het is alle wesens onder Sy voete gestel engele, outoriteite, en kragte is aan Hom onderworpe.
- 1 Pet.3;22 “wat heen-gegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderworpe is.”
- Weens die verheerliking van die Here Jesus sal daar ‘n dag aanbreek wanneer elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus die Here is.
- Fil.2:9-11. Laat ons daarom ons lewens inrig om deel van die te wees wat in dankbaarheid vir wat Hy vir ons kom doen het Hom gaan verheerlik in die hemele.